# STANDERTON AKADEMIE

Tel: 017 712 4885 *of* 017 712 3743
Faks: 086 212 1823
e-pos: admin@standertonakademie.co.za
Posbus 4172, Standerton, 2430.

vir Christelike Volkseie Onderwys
H/v Dannhauser en Nelson Mandela Rylaan
Meyerville, Standerton.

Bank: FNB 270443 – Rek: Standerton Akademie – Rek no. 622 804 24004

## Skooldrag en Skoolreëls

### 1. SKOOLDRAG - LAERSKOOL

**Seuns se somerdrag**
a) Kort grys broeke
b) Wit oopknoop hemde
c) Turkoois oortrektrui (Jade)
d) Grys lang kouse/Kaalvoet
e) Swart skoene

**Seuns se winterdrag**
a) Lang grys broeke
b) Wit hemde met das
c) Turkoois trui (Jade)
d) Grys kouse en swart skoene
e) Vlootblou baadjie

**Dogters se somerdrag**
a) Grys A-lyn rompe, lengte net bokant die knieë
b) Wit oopknoop hemde
c) Turkoois oortrektrui (Jade)
d) Wit sokkies en swart skoene

**Dogters se winterdrag**
a) Grys langbroeke
b) Wit hemde met das
c) Turkoois trui (Jade)
d) Grys kouse saam met grys langbroek
e) Swart skoene
f) Vlootblou baadjie

Vrydae kan skoolsweetpak gedra word indien u dit verkies.
L.O. periodes dra laerskoolleerlinge sportdrag.

**Algemeen - Skool**
a) Die skooldrag, soos hierbo uiteengesit, sal verpligtend wees vir laerskool leerlinge.
b) Leerlinge moet toesien dat hulle streng hou by die reëls in verband met die skooldrag. Nie alleen die skooldrag nie, maar ook die gedrag, taal, maniere en houding van die leerling moet die goeie naam van die skool binne sowel as buite die skool waardig wees.
c) Ons skooldrag en ons voorkoms is ons trots en ons optrede weerspieël dit. Ons skooldrag word nooit aan enige buitestaander herverkoop of geskenk nie.
d) Ouers wat dit onmoontlik vind om hul kind van die nodige skooldrag te voorsien, kan die hoof hieromtrent spreek.
e) Alle skooldrag moet duidelik gemerk wees.
f) Enige skooldrag wat op die skoolterrein rondlê sal by die kantoor ingehandig word, en indien dit geïdentifiseer kan word is dit beskikbaar vir die regmatige eienaar. Ongemerkte skooldrag wat ingehandig is, sal ook teruggegee word indien daar sonder enige twyfel eiendomsreg bewys kan word. By gebrek aan bewys van eiendomsreg sal enige ongeïdentifiseerde skooldrag, wat ingehandig is, die eiendom van die klerebank word. Die skool dra geen verantwoordelikheid vir klere wat verlore raak nie.

## 2. <u>HAARSTYL - Skool</u>

**Buiten die haarstyle wat vir seuns en dogters van tyd tot tyd vasgestel word, sal die volgende ten alle tye geld:**

**Seuns**
Die seuns se hare sal altyd kort wees en nie aan die ore raak, lang kuiwe wees, of met "steps" gekap word nie.
Gekleurde of permanent gegolfde hare is ontoelaatbaar.

**Seuns-Algemeen**
Geen juwele van enige aard nie.

**Dogters - Laerskool**
Die dogters se hare mag onder geen omstandighede gekleur of permanent gekartel word nie.
Hare wat aan die onderpunt van die kraag raak, moet vas gemaak word.
Kuiwe se maksimum lengte is net bokant die wenkbroue.
Turkoois, grys of wit bykomstighede.

**Dogters – Laerskool Algemeen**
Slegs studs of klein ringetjies mag as oorbelle gedra word.
Alleenlik goud of silwer seëlringe is toelaatbaar.
Geen ander juwele mag gedra word nie.
Geen grimering mag gebruik word nie.
**Die skool dra geen verantwoordelikheid vir juwele wat verlore raak nie.**

## 3. <u>SKOOLURE</u>

Die skool begin stiptelik om 07:30 vir laerskool leerlinge en 08:00 vir die kleuterskool.
Gesamentlike opening vind plaas vir laerskoolleerlinge elke oggend en afkondigings word aan leerlinge voorgehou.
Die skool sluit om 12:30 vir die kleuterskool,

| | |
|---|---|
| Graad 1 tot Graad 7: | Maandae tot Donderdae 07:30 tot 13:00 |
| | Maandae tot Donderdae: Sportoefening 13:00 tot 14:00 |
| | Vrydae om 13:00. |

## 4. <u>KONTROLERING VAN BYWONING EN AFWESIGHEID VAN LEERLINGE</u>

- Afwesigheid word gekontroleer tydens die eerste periode; by die aanvang van elke periode by 'n volgende onderwyser en aan die einde van die dag.
- Ongereelde skoolbesoek word by die skoolhoof gerapporteer.
- Geen leerling verlaat die terrein sonder toestemming van die hoof nie.
- 'n Leerling wat gedurende skooltyd siek word, rapporteer by die kantoor vanwaar die ouers deur 'n onderwyser of die hoof in kennis gestel word.
- Indien 'n leerling verlof het om die terrein te verlaat, mag dit alleen geskied as sy ouers hom self kom haal. Ouers moet die uittekenboek invul.
- Afwesigheidsbriewe van ouers/voog en doktersertifikate word deur die klasvoog versamel en bewaar.

- Geen leerling loop gedurende klastyd rond nie, tensy daar 'n uiters noodsaaklike rede voor is nie.
- Tandarts- en doktersafsprake vind liefs na skool plaas, behalwe in noodgevalle, waarvoor daar vooraf by die hoof verlof verkry moet word.
- Indien 'n leerling tydens 'n toets afwesig is, moet hy/sy die toets by 'n volgende geleentheid, soos met die onderwyser gereël, aflê. Indien die leerling glad nie die toets aflê nie, kry hy/sy nul. In wettige gevalle van afwesigheid tydens 'n toets, word die leerling afwesig gemerk en word die toets nie in berekening gebring nie.

1. **Afwesig weens siekte:**
    - Indien 'n leerlinge twee of meer dae afwesig is weens siekte, moet 'n doktersertifikaat voorsien word.
    - Die skool het egter die reg om na sy goed denke, indien 'n leerling selfs een dag afwesig is weens siekte, 'n doktersertifikaat te vereis.

2. **Afwesig met verlof:**
    - Alle leerling moet die skool vanaf die eerste dag tot die laaste dag van die termyn bywoon. Verlof om afwesig te wees vir 'n periode of 'n gedeelte van die dag word slegs in uitsonderlike gevalle toegestaan nadat die aansoek om verlof en die toestaan daarvan, beide skriftelik geskied het.

3. **Afwesig sonder verlof:**
    - Indien 'n leerling afwesig is sonder verlof, met of sonder ouers se medewete, maar sonder skriftelike toestemming van die skool, sal dit na Die Raad van Trustees verwys word vir dissiplinêre optrede.

## 5. DISSIPLINêRE OPTREDE

- Die skool het die reg om enige leerling, sonder 'n opgawe van redes, met onmiddelike effek uit die skool te sit, volgens sy absolute diskresie.
- Die skool sal volgens sy absolute diskresie, sonder enige waarskuwing, 'n leerling uit die skool sit indien hy/sy ten enige tyd, met of sonder die ouers se medewete, enige van die volgende oortredings begaan:
    - Drank besit , versprei of gebruik
    - Dwelms besit, versprei of gebruik
    - Satanisme ongekontroleerd bespreek, beoefen of op enige welke manier ookal goedkeur
    - Diefstal vermoed word, ongeag die waarde van die artikel
    - Ongedissiplineerde leerling wat hom voortdurend skuldig maak aan wangedrag.
- Indien daar vermoed word dat 'n leerling rook, mag hy/sy moontlik slegs eenmaal gewaarsku word en indien hy/sy dit nie onmiddelik staak nie, sal hy/sy geskors word.
- Verder word 'n dissiplinêreboek gehou, waarin enige oortreding van 'n leerling aangeteken word. Die skool mag van tyd tot tyd die ouers van leerlinge, wie se naam in die dissiplinêreboek voorkom, inroep en in samewerking met ouers die nodige dissiplinêre stappe neem.
- Geen selfone word by die skool toegelaat nie. Indien daar 'n behoefte ontstaan om die ouers te skakel kan dit by die kantoor gereël word.

## 6. KLASKAMER-BELEID

- Klaskamerbeleid word duidelik uitgespel en leerlinge moet hulle hierby hou.
- Die klaslokale moet deurentyd netjies gehou word.
- Leerlinge moet ordelik elke klas binnekom en dit ook weer ordelik verlaat.
- Geen tasse mag bo-op skoolbankies geplaas word nie. Alle tasse moet netjies onder die sitstoeltjie ingeplaas word.
- Klastake word tussen leerlinge eweredig op ‘n rotasiebasis verdeel.
- As deel van die leierontwikkelingsprogram, word klasleiers aangewys ten einde die personeel te ondersteun in die uitoefening van die klaskamerbeleid.
- Elke klaskamer is so georganiseer t.o.v. plasing van meublement, apparatuur, ens. dat dit bydra tot ‘n gesonder en ordelike leeromgewing.
- Geen leerling mag pouses in die klasse vertoef nie.
- Enige leerling wat op enige tyd op banke, stoele, tafels, mure, ens. krap met ‘n pen, potlood, enige skerp voorwerp of met Tippex daarop verf, sal sonder verdere waarskuwing gevra word om die skool te verlaat. Vandale is nie welkom in ons skool nie.

## 7. ONDERHOUD MET PERSONEEL

- Leerlinge kan, buiten vrae wat gedurende klastyd aan ‘n onderwyser gevra word, die onderwysers gedurende pouse of na skool spreek, maar nie gedurende ‘n ander onderwyser se periodes nie.
- Ouers kan onderwysers spreek, verkieslik per afspraak.

## 8. KLASWISSELING

- Die leerlinge beweeg flink en in rye tydens klaswisseling.
- Leerlinge mag nie in groepe drentel en luidrugtig praat en gesels tydens klaswisseling nie.
- Leerlinge mag nie laat opdaag vir ‘n volgende periode nie.
- Leerlinge plaas hul tasse by die volgende klas alvorens hulle verdaag vir pouse.
- Leerlinge plaas hul tasse netjies by hul bank, in die klas waar hulle vir die eerste periode van die dag is.

## 9. KLEEDKAMERS

- Een seun/dogter prefek doen ‘n rotasiebasis diens gedurende pouses binne die onderskeie kleedkamers.
- Die kleedkamers moet deurgaans in ‘n onberispelike toestand gehou word.
- Persoonlike higiëne van ‘n hoë standaard moet gehandhaaf word.
- Die kleedkamers is nie ‘n kuierplek vir leerlinge nie.

## 10. TERREIN/SPEELGRONDE

- Die skoolterrein moet te alle tye netjies en skoon gehou word.
- Geen blomme, struike, bome en plante mag beskadig word of gepluk word nie.
- Geen leerling verlaat die terrein sonder toestemming van die hoof nie.
- Geen leerling mag op die terrein vertoef na afloop van pouses en nadat die skoolklok gelui het in die oggend nie.
- Leerlinge mag slegs op die afgebakende speelterrein volgens klasverband gedurende pouses beweeg.

## 11. OPTREDE GEDURENDE EN NA SKOOL

- Die optrede van leerlinge na skool moet, soos gedurende skool, altyd van so aard wees om die goeie naam van die skool hoog te hou.
- Indien die optrede van 'n leerling gedurende en na skool, van so aard is dat hy/sy die goeie naam van die skool mag skaad, sal die skool beslis die nodige dissiplinêre stappe teen sodanige leerlinge neem.
- Die reëls van die skool is net so van toepassing na skool as gedurende skool.

## 12. SKEURBRIEWE

- Skeurbriewe waarop erkenning van ontvangs van ouerbriewe aangetoon word, moet onverwyld na die skool teruggestuur word.
- Dit word tydens die eerste lesperiode ingehandig by die betrokke personeellid.

## 13. BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Die bywoning van sekere buitemuurse aktiwiteite sal verpligtend wees.

## 14. HERSIENING VAN HIERDIE GIDS

Van tyd tot tyd sal hierdie gids hersien en gepubliseer word.

# Skoolklere beskikbaar by die skool:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Skooldrag:** | Skoolwapen | R40.00 (Baadjie) | |
| | Skoolwapen | R30.00 (Hemp) | |
| | 'Hotpants' | R40.00 | |
| | Das | R60.00 | |
| | Langmou trui | R180.00 | |
| | Kortmou Trui | R160.00 | |
| **Sportdrag:** | Atletiek toppie | R140.00 | |
| | Atletiek broekie | R70.00 | |
| | Sweetpakke | R400.00 | |
| | Gholfhempie | R90.00 | |
| | | Koop | Huur vir seisoen |
| | Netbalklere | R 500.00 | R300.00 |
| | Rugbyklere | R 500.00 | R300.00 |

Die bogenoemde kan by die kantoor aangepas word om die groottes te bepaal.
Kontant met aflewering.

Die volgende klere kan by enige van die volgende winkels aangekoop word: Woolworths, Edgars, Ackermans of Pep.

Navyblue Baadjie – slegs by Woolworths beskikbaar

Swart skoolskoene.

Dogters: Wit kort kouse
Grys rompie vir die somer
Grys langbroek vir die winter
Wit hemde – Oop nek vir die somer en
Langmou wit hemp met 'n kraag vir die skooldas.

Seuns: Grys lang kouse
Grys kortbroek vir die somer
Grys langbroek vir die winter
Wit hemde – Oop nek vir die somer en
Langmou wit hemp met 'n kraag vir die skooldas.

**Tasse:** Huidiglik word dra handtasse toegelaat. Totem tasse, Cadi's en soortgelyke waentjiestasse word ook toegelaat. Waentjies waarvan die tasse los van die waentjie is word toegelaat, maar let wel die waentie word as gevolg van spasie nie in klasse toegelaat nie.